

Pretoria- 19 Junie 2011

**Skriflesing:** Filippense 3:1 – 4:1

Teks: **Filippense 3:3; 4b-6; 8; 16; 20-21**

**Sing- Ps. 146:1,2; Ps. 68:11; Ps. 118:4; Ps. 33:9**

Wanneer ons hierdie gedeelte van Paulus se brief aan die besondere gemeente lees, broeder en suster, dan mag dit lyk ons begin nou 'n heel nuwe afdeling in die brief. Tog is dit nie heeltemal waar nie. Verlede keer was daar die portrette van twee manne voor ons gehou. Timotheus en Epafroditus. Manne wat ons hulle eensgesindheid en hulle arbeid en hulle besondere omstandighede kon sien. Epafroditus wat dodelik siek geword het, sy lewe het aan 'n draadjie sou hang, tog het die Here hom nog weer laat gesond word. Die Here het hom aan hierdie gemeente terug gegee.

Ons het gesê dat ons lewe kan gesien word as sou ons voortdurend op 'n weegskaal geplaas word. Met tye kom ons lewensgewig baie naby die dood te staan. Met Epafroditus was dit die geval- vers 30- *ter wille van die werk van Christus het hy tot naby die dood gekom en sy lewe gewaag om aan te vul wat julle kortgekom het in die diensbetoning aan my...* 'n Lewensdurende skaal, van een kant aanvul, aan die ander kant wegneem, aanvul en kortkom... hier is tog iets van 'n skaal ter sprake.

\*\*\*

Epafroditus se lewensskaal staan egter nie los van die skaal van Paulus se lewe nie. En dit is hoofstuk 3 in 'n groot mate, Paulus se lewensskaal, ons kan dit ook noem Paulus is hier met 'n balansstaat van sy lewe besig. Dinge wat uit gebalanseer moet word. 'n Balansstaat met sy twee kolomme. Een kant die bates; aan die ander kant die laste. Jou bates is die dinge wat jou ryk maak, jou laste die dinge wat jou armer maak. Elke een van ons sal so 'n balansstaat van ons lewe moet kan opstel. In hierdie opstelling van ons balansstaat kom ons as hoofpunte dan eintlik die kolomme so indeel. Eerste die dinge wat die lastekant by Paulus gebring het. Daarna die batekant. En laastens hoe dit wat bates was, laste kan word en die laste word bates, m.a.w. hierdie balansstaat, hierdie lewenstaat van Paulus het ook met groot veranderinge te make.

### **Eerste dan die lastekant-**

'n Mens is iemand wat graag met vertrouwe die lewe wil ingaan. Daarin was Paulus nie anders as enige ander mens nie. Om ware vertrouwe in jou lewe te hê het dikwels ook te doen met die dinge wat mens as ankers, as vaste bakens in jou lewe beskou. Ankers of bakens wat nie verskuif moet word nie. Kom ons wees maar eerlik daarvoor dat in baie gevalle is hierdie

Pretoria- 19 Junie 2011

dinge waarop my selfvertroue berus gewoon uiterlike dinge. 'n Stewige banksaldo, die krag en invloed wat ek glo ek in die lewe kan uitoefen, my verstandelike kennis, my familie- of vriendekring, ook hoe ek ander mense al kon uitoorlê, dikwels sal mense dit sakevernuf noem, hoe dikwels die dinge waarop mense selfs sal roem as hulle maar net dit kon regkry!

En so sal ons die lysie in Paulus se lewe ook kon opsom. Hy som dit self op- vv 4 – 6: *As iemand anders meen dat hy op die vlees kan vertrou, ek nog meer.* <sup>5</sup> *Ek is besny op die agtste dag, uit die geslag van Israel, uit die stam van Benjamin, 'n Hebreër uit die Hebreërs; wat die wet betref, 'n Fariseër;* <sup>6</sup> *wat ywer betref, 'n vervolger van die gemeente; wat die geregtigheid in die wet betref, onberispelik.* Hoe voortreflik hierdie uiterlike dinge wat Paulus hier noem. Daar is mense wat sou sê dit is so waardevol... dit is ware bates wat hy hier noem. Op elke terrein van die lewe is die dinge wat hy hier noem vir hulle as so waardevol beskou. Daar sou mense wees wat wou sê, hy het dit nou maar net gehad- hoe gelukkig is hy!

Sy godsdiens is reg, sy familie is reg, sy taal en kultuur, sy tradisies is reg, sy volk is reg. Godsdienstig is hy op die agtste dag besny, 'n gebore Jood, nie 'n proseliet nie, presies soos die voorskrif in Lev.12:3 ook bepaal. Hy kom uit die geslag van Israel, presies soos dit moet wees, dit is selfs nog beter, hy kom uit die gesiene stam Benjamin, daardie stam waar Jakob se lieflingskind, sy laaste kind die begin was, die stam waaruit die eerste koning in Israel, die stam waaruit Saul ook gebore was- 'n konings stam. Een van net twee stamme, Benjamin en Juda, alleen net die twee stamme het van al twaalf die stamme kon oorbly. Hy is 'n Hebreër, watter bate is dit nie! Hy ken die Hebreuse taal, hy is eg Joods, sy leefwyse ortodoks Joods, uit huis uit... boonop het hy kon opgroeï as 'n man van die Wet, watter bate om in die lewe van daardie tyd as 'n Fariseër beskou te kon word, wetgeleerdes, skrifgeleerdes, Fariseërs, dit was die mense wat belangrik was! Paulus sê as dit rondom die geregtigheid van die wet sou handel, staan hy onberispelik. Bate op bate sou mense wou uitroep!

\*\*\*

Maar broeder en suster, nou gebeur hier wat mens eintlik vir jouself moet afvra maar kan dit wees?! Hierdie sg. bates dit skuif alles oor na die lastekant van die man se lewe! Nie omdat die dinge soos dit hier staan, noodwendig soos dit op sigself genoem word, verkeerd is nie, dit is nie wat ons moet aflei nie, maar as enige van hierdie dinge jou vertroue op Christus raak dan is dit dinge wat na die lastekant van die lewe moet skuif, al was dit dalk vir jou vir 'n lang tyd 'n baie groot bate gewees. As daar by 'n bate geskryf staan- sonder Christus, dan

Pretoria- 19 Junie 2011

moet jy dit nie langer as 'n bate beskou nie. Dit wat ons bates noem, maar dit is bates sonder Christus, dan is dit eenvoudig laste, dit is dinge wat jou dan armer maak, dinge wat jou heeltemal geestelik bankrot kan maak.

\*\*\*

En soos Paulus sy eie lastekant blootlê dan begin hy mense by name te noem wat mens wonder maar wat gaan aan. Hy noem sulke mense wat in die verkeerde dinge roem, hy noem hulle *honde*, hy noem hulle, *slegte arbeiders*, hy noem hulle die *versnyding*. Hierdie harde name is hard want hierdie mense wat só genoem word, is waarlik soos wilde honde in die lewe. Hulle loop soos hierdie honde in groepe rond, jag in 'n pak, selfs ook in die kerk en Paulus waarsku ons teen hulle want hulle is die mense wat leer dat 'n mens deur jou eie werke en deur bepaalde eienskappe salig kan word. Daardie Joodse selfvertroue is so gevaarlik, mense wat daarvan bevry moet word anders is hulle vir die geregtigheid deur die geloof in Jesus nie ontvanklik nie. Mense wat glo ek moet eers die genade van God kan verdien voordat ek dit sal kan verkry.

\*\*\*

En daarom was dit vir hierdie gelowiges wat nie meer in die besnydenis van die vlees geglo het nie, 'n harde tyd. Die aanvalle van mense wat glo dat jou wetsonderhouding is grond vir jou verlossing, sulke mense is met slegte werk besig. Paulus noem hulle *slegte arbeiders*... Almal mense wat voorgee dat hulle in diens van die Here arbei, hulle wat maak asof hulle in hulle geloof so baie besit, hulle eeue oue tempels, die wette wat hulle onderhou, al die verskillende feeste, daar was hulle wat geglo het hierdie tradisies en besittings, ons kultuur en al ons erfenisse dit maak ons in die geloof ryk. Dan sê Paulus as ons nie op die regte wyse hierna kyk nie, dan is 'n mens se kultuur en al jou erfenisse eintlik in staat om jou brandarm te maak. Die slegte arbeiders het gemaak asof Paulus hulle met so 'n kaal geloof, met so 'n arm geloof besig was. Julle het nie eers 'n tempel nie, wat het julle waarop julle kan roem, selfs as julle ook nie eers meer die onderhouding van die wet as regverdiging vir jou geloof beskou nie.

\*\*\*

Nou leer Paulus boonop dat dit nie meer nodig is om as gelowige besny te wees nie. Dit is die kersie op die koek! Paulus noem hulle die mense van die *versnyding*... Betekenislose besnydenis- letterlik staan hier in die Grieks - *κατατομήν* wat letterlik beteken om iets in stukkies op te sny, dit fyn te kerf, dit wat as verminking oor 'n mens kan kom. Nou het Paulus beslis nie die Ou Testamentiese gebruik van die besnydenis opsigself as verminking

Pretoria- 19 Junie 2011

gesien nie, hyself was ook besny- *ek is besny op die agtste dag*- maar die besnydenis is 'n verminking as mense dit gebruik as rede hoekom hulle die evangelie van Christus verwerp. Wie Christus verwerp het inderdaad in sy besnydenis niks beter kon agterhou as bloot 'n verminking nie. Hierdie versnyding- vir so iemand is dit niks om op trots te wees nie. En juis waar dinge met die besnydenis gepaard gaan, is waar die lastekant kan oorskuif na wat ons in die tweede plek na kyk-

**Die batekant:**

*Want ons is die besnydenis, ons wat God in die Gees dien en in Christus Jesus roem en nie op die vlees vertrou nie...* Dit wat Paulus eintlik as van die grootste bates in sy lewe beskou is die besef dat die ware besnydenis is inwendig. Dit is die besnydenis van die hart. Dit wat ons in hierdie dae ná Christus se hemelvaart laat besef - die rykdom van Pinkster...

Dit maak jou anders as daardie wilde honde of daardie slegte arbeiders, of daardie versnyding, maar dit waarvoor ons moet oppas, is eintlik in skrilte kontras met wat as wonderlike bate in ons lewe aan ons geskenk word. Om in die Here besny te wees het nie met die besnydenis van die vlees te doen nie, maar wat Paulus aanmekaar oor skrywe, dit wat hy dan ook sê- *Dit is vir hom nie lastig om dieselfde dinge aan julle te skrywe nie en dit gee julle sekerheid...* Die Griekse woord hier vir *sekerheid* is- ἀσφαλής- (asphales)- dit gaan ook oor sekuriteit, iets van God gee vir jou 'n kluis vir wat God as baie kosbaar aan jou gegee het nl. jou geloof. Dit is vas, dit is onbeweeglik- alles dinge wat met die betekenis van die woord ἀσφαλής saamhang.

\*\*\*

As Paulus skrywe hoe die dinge wat hy herhaaldelik vir ons sê , tog wel vir ons sekerheid kan gee, dan gaan dit ook oor die ware besnydenis. Die ware besnydenis het veral drie kante wat dit vir ons 'n bate moet maak- (i)met hierdie besnydenis kan ons God in sy Gees dien, (ii)met hierdie besnydenis is ons enigste roem in Christus Jesus en (iii) met hierdie besnydenis word ons daarvan weerhou om nie meer op ons vlees te vertrou nie. 'n Onbesnede christen wat aan sy vlees nie besny is nie kan wel deur die Jode as buite die aardse tempeldiens gestel word maar tog het so 'n mens wel deel aan die erediens van God. Hy wat deur die Heilige Gees in sy hart besny is, kan God altyddeur, deur die Heilige Gees van harte dien!

Watter bate om dit te mag weet, veral in hierdie Pinkstertyd waarin ons lewe, die tyd na Jesus se hemelvaart kan ons besnydenis nie meer met hande verrig word nie. God het sy Heilige

Pretoria- 19 Junie 2011

Gees juis ook oor die onbesnedenes uitgestort om daardeur duidelik te maak dat nie meer die uitwendige besnydenis voor God staan nie, maar die Gees van God doen nou die werk. Die aanneming deur God in Jesus Christus is nou die alles-bepalende!

Ons kan God alleen in sy Gees dien, dit is wat Pinkster beteken, waar ons nou alleen in Christus kan roem. Om te wil roem in jou onderhouding van allerhande wette en in die besnydenis van die vlees is nie waarop ons moet vertrou nie. Ons vertrou is nie van hierdie wêreld nie, maar die geloof in Jesus Christus is nou die “skeidingmaker”. Alleen die geloof in Jesus Christus onderskei christene van hulle heidense omgewing, niks anders kan hierdie onderskeid tref nie! As gelowige kind van die Here, is dit die grootste rykdom wat daar vir jou kan wees.

Luister maar weet mooi na v.7- hoe die lastekant die batekant kon word en die vroeëre batekant nou die lastekant- *Maar wat vir my wins was, dit het ek om Christus wil skade geag...* en dan wys Paulus op hoe hierdie proses nog voortduur. Hierdie is nie 'n afgehandelde weegskaal, 'n afgehandelde balansstaat wat hy hier voor ons stel nie. Dit geld ook vir die huidige- v.8-9: *Ja waarlik, ek ag ook alles skade om die uitnemendheid van die kennis van Christus Jesus, my Here, ter wille van wie ek alles prysgegee het en as drek beskou, om Christus as wins te verkry<sup>9</sup> en in Hom gevind te word, nie met my geregtigheid wat uit die wet is nie, maar met dié wat deur die geloof in Christus is, die geregtigheid wat uit God is deur die geloof...*

\*\*\*

Daardie portrette van daardie twee manne, Epafroditus en Timotheus wat verlede Sondag voor ons gehang was, kry dan nou eintlik in hierdie hoofstuk 'n derde portret by nl. die van Paulus self! Sy uiterlike wat so voortreflik was, baie sou dink watter modelmens, maar so maklik maak mense die dinge belangrik wat eintlik geen grond vir ons saligheid bied nie. Ons vryspraak of dan nog veel beter, ons geregtigheid word ons geskenk buite die wet om, ook staan ons geregtigheid nie in wat mense kan doen met hulle hande, soos dié wat die besnydenis as onveranderlike vereiste tot jou saligheid wou stel nie. Die gewig van die skaal het 'n baie swaarder gewig ontvang nl. die gewig van die werk en van die Persoon van Jesus Christus.

Pretoria- 19 Junie 2011

Dit is die gewig van vv.10-11- Dit gaan om die krag van Christus se opstanding, om die gemeenskap aan sy lyde, om ook aan Christus se dood gelykvormig te word en om dan te weet jou opstanding staan saam met die opstanding van Christus. Om dit alles te sien gebeur, broeder en suster, het ook met groot veranderinge in ons lewe te make- Ja, ons laaste gedagte is dan vandag-

**Die groot verandering wat daar moet kom:**

Wanneer die verskuiwing van bates na laste gebeur en ja laste word eintlik dan ware bates dan gebeur hier iets wat totale verandering in jou lewe impliseer. Filippense 3 is in die opstel van die balansstaat van ons lewe, heelyd eintlik besig om ons te laat besef kyk na die veranderinge wat daar in jou eie lewe na Pinkster van jou verwag kan word. Dit wat God van jou verwag! En nou maak mense van alle tye maar ook veral in ons tyd die groot fout om te dink uitwendige verandering is waarby ons moet kom. Terwyl die Here in sy Woord dit heel anders sien- verandering begin nie van buite en werk na binne nie, maar verandering begin van binne en sal dan ná buite werk. Dit is die mens wat moet verander. Wat sal dit help die samelewing wil heelyd verander maar die mens bly net dieselfde soos na die val van Adam en Eva in die paradys. So 'n veranderlike samelewing wil ek selfs noem is verraderlik as nie die mens in daardie samelewing die eintlike veranderlike gaan word nie!

Die werk van die Heilige Gees is op geen manier van hierdie verandering wat daar moet kom los te maak nie. Hier het ons te doen met die Gees se eintlike werk, dat daar binne mense se lewens verandering moet kom. Eendag sal die uiterlike verandering ook plaasvind, dit is wat met die wederkoms en die oordeelsdag van God sal kom, maar die innerlike verandering is wat vandag al hier moet plaasvind. Die innerlike verandering is 'n saak van hier en nou voordat daar enigsins na die uiterlike verandering gekyk kan word.

Hierdie innerlike verandering is waar daar eintlik net een groot bate in jou lewens kolom ingeskryf gaan word en dit is om Christus te ken. **DAT OM TE LEWE VIR JOU CHRISTUS SAL WEES!** En om Christus as wins te verkry moet Hy kom staan in die plek van wat vroeër vir my wins was. Daarvoor is daar 'n geweldige verandering wat vereis word, nie waar nie?! Om dinge soos drek in jou lewe weg te gooi- Die Grieks gebruik vir drek die woord - σκύβαλα – dit is menslike uitwerpsel, dit waarop Esegïel 'n keer sy kos moes gaarmaak en hy nie daarvoor kans gesien het nie. Iets wat die plek van Christus in jou lewe

Pretoria- 19 Junie 2011

inneem is dinge wat jy waarlik as drek moet beskou. Met drek maak 'n mens vinnig 'n plan. Dit is nie iets wat 'n mens wil opgaan nie!

'n Hemelse burger, dit is die mens in Christus nou reeds, so een is terdeë bewus van die ongelooflike krag waaroor Christus in u en my lewe oor beskik. Die opstandingskrag, die hemelvaartskrag, die Geesteskrag, die koningskrag is nou reeds daar om jou en my lewe so te verander dat ons niks anders dink, niks anders voel, niks anders begeer as om waarlik vir Christus te ken nie. Die verandering wat Christus in ons kan bewerk het direk te doen met die krag waaroor Christus alleen beskik. Hy het/besit die krag ook om oor ons siekte en ons dood en oor sonde te heers, selfs beskik Hy oor ons wanneer ons liggame al swak en oud geword het, het.

Dit is iets om oor dankbaar en bly te wees. Hierdie besef dat ek nou reeds hemelse burgerskap besit. Ons het vantevore gesê dat as daar in hfst. 1:27 staan- *Gedra julle waardig die evangelie van Christus*- om jou te gedra staan direk verbind aan wat jou burgerskap is. Nou kom dit alles bymekaar. Gedra jou waardig dit wat jou hemelse burgerskap nou reeds is! Al moet ek nog die dood en die graf deur, tog weet die hemelse burger hierdie verganklike liggaam van my sal uiterlik ook verander. Ons word nie gelyk aan die opgestane liggaam van die Here nie, daar kan net een liggaam wees wat die liggaam van die opgestane Jesus is, maar ons sal wel gelykvormig word aan sy liggaam. Na die volmaakte van sy liggaam sal ons ook verander word. Watter bate waar die dood lyk die verlies van my lewende liggaam hier op aarde te wees, nou skuif die verlies weer oor na een ongelooflike bate. Dit is hoe God dit alles omruil. Heeltyd word ons aan die wins kant geplaas, die wat aan die kant van Christus is!

Die burger van God se koninkryk wat nou reeds hemelse burgerskap besit, het rede om bly te wees. Waar ons in die vorige hoofstukke oor die gesindheid van Jesus baie kon sê, om in Hom eensgesind te wees, om in Hom nederig te wees, nou wat ons weet in Hom is ook ons burgerskap hoeveel te meer kan daar nou van ons verwag word om eensgesind te wees. Dit waaroor hfst. 4 weer ernstig na op terugkom. U en my se gesindheid en dat ons waarlik die dinge fyn kan onderskei waar dit op aankom. Niks wat ons eensgesindheid in die Here mag bedreig nie, selfs oor die dinge waaroor ons baie keer so oor besorg is, wanneer u en ek naby

Pretoria- 19 Junie 2011

die Here is, een in Hom, dan sal mens verstaan waarom die Here ook vir ons sê- *Wees oorniks besorg nie...* Mag die Here ons in die nuwe kwartaal dieper hierin lei.

AMEN